



SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING HUNTING RIFLE SHOOTING ASSOCIATION



Geakkrediteerde Vereniging Nr. 1300039 Accredited Association

WP Boland JSV - NUUSBRIEF MEI 2014

Top 50 & SA OPE

Die Top 50 en SA ope van 2014 is verby!!!

Ek weet nie of ek bly op spyt is daaroor nie. Ek sou beslis beter voorberei het as ek geweet het wat op ons wag.

Die **Top 50** bane was om die minste te se flippin lekker om te skiet. Die formaat was man-alleen en die skuts het vanaf 'n wagarea waar die teikens, en posisies ongesiens was, na die baan beweeg. Hierna moes jy self besluit hoe ver jy wil beweeg, en vanaf watter posisie jy wil skiet. Jy het egter net 2 minute tyd gehad om dit alles in te pas!!!

Party manne het sommer heelwat nader gehardloop en moes 'n geskikte miershoop of bos op topsoed uitken.

Die 15 myl wind het dit ook nie juis makliker gemaak nie, en menige skote is van die teiken af of in die minus areas ingewaaai.

Dit was werklik interresant en het alle vermoens getoets. Die skiet het van 08:30 tot 17:00 aangehou en ons was behoorlik uitgeput teen die einde.

Baie dankie aan die manne wat hard gewerk het om die baan op te stel.

WP-Boland het ons goed van ons taak gekwyd en die finale ranglys vir 2014 na die afloop van die **Top 50** en **SA Ope** kompetisie is as volg:

Jaques Obermeyer – 3 de

Carel Maritz – 11 de

Corrie Prins – 13 de

Wyane Klaver – 19 de

Willem Immelman – 20 ste

Marius Kotze – 24 ste

Andre Volschenk – 27 ste

Willem Steenkamp – 33 ste

JC van Niekerk – 42 ste

Barend Verster – 43 ste

Johan Kuhn – 45 ste

Kosie Botha – 46 ste

Baie geluk aan Jacques met sy plek in die SA span. Carel Maritz het B span gemaak [hier kom groot dinge] en Corrie, Barend, Andre en Kosie die senior span [ons ou manne kan darem nog!!!]



SA span vir 2014 – v.l.n.r. Nicky Olivier, Francois Martins, Daan Griesel, Johannes Schoeman, Francois Ferreira, Jacques Obermeyer

Die **SA ope** was in die skilderagtige rantjies van die Gariep met die Berg Iwo-Jima aan die een kant. Jy moes maar daar uit as jy sy gongbaan wou skiet. Van bo af het jy 'n pragtige uitsig oor die Gariepdam gehad met grasgroen bosstrepe in die geel gras. Die gongposisies en die afstande het egter meer aandag getrek na die moegheid eers bedaar het.



Lang Gongbaan – “Mt. Iwo Jima” Gariep

Die baan het korliks so gelyk: [geskat]

1. Blesbok, le Bisley styl – 220 meter
2. Rooibok, sit sonder rus – 130 meter
3. Gongbaan – lekker stupid klippe – 280 meter maks.
4. Gongbaan – nog meer stupid klippe – 320 meter maks
5. Vark – 2 skote staan by 3 poot, 3 skote sit by 3 poot – 230 meter
6. Springbok – staan vryhand – 70 meter

Na Vrydag se **top 50** het die baan maklik gelyk, maar die manne het maar **gebloei**.

By die **SA ope** het ons posisies as volg gelyk: **wentelling 870 [JP Wessels]**

Jacques Obermeyer – 2 de – 840.	Mooi Jacques, lekker om jou in die span te he.
Andre Volschenk – 3 de – 825.	Ek se maar niks, daai ver gong, damn!
Willem Immelman – 12 de.	Mooi geskiet, moes al daai Cataflams gewees het!!
Corrie Prins – 19 de.	Corrie, ons het darem die seniors
Wayne Klaver – 21 ste.	Stadig oor die klippe Wayne. Mooi opgetel na die jaarpunt
Arnold Viljoen – 22 ste.	Lyk al beter Arnold. Anja blaas in jou nek!!
Anja Viljoen – 29 ste en die penkop winner.	Mooi so Anja, ons sal moet lesse kom neem.
Willem Steenkamp – 38 ste.	Komaan Willem, trek daai Hoowa se sneller harder!
Marius Kotze – 40 ste.	Mooi opgetel Marius, die oefening help.
Carel Maritz – 42 ste.	Vasbyt Carel, jy is nou volspoed oppad.
Barend Verster – 44 ste.	Barend, Jy skuld my 'n dop!
Fred Danzfuss – 45 ste.	Fred tel nou lekker spoed op.
Marlize Volschenk – 49 ste. En 2 de Dame	Daai rooi gun skiet lekker!
JC van Niekerk – 54 ste.	Sal jou moet wys hoe werk medium afstande.
Eras Reynecke – 67 ste.	Kom oefen saam Eras, jy sit baie tyd in.
Paul Joubert – 78 ste.	Was daar Rum betrokke?
Conrad de Does – 76 ste.	Dankie vir al die reelings.
Dirk Steyn – 81 ste.	Baie dankie vir al die hulp Dirk.
Johan Kuhn – 83 ste.	Kom oefen saam Johan.
Wim Joubert – 85 ste.	Ou manne rule OK.
Steyn Joubert – 86 ste.	Ditto
Kosie Botha – 89 ste.	Komaan Kosie, koop daai 6 mm.
Corne van der Vyver – 93 ste.	Komaan Corne, saag die skietbank se bene af.
Igna Botha – 102 de.	Vasbyt Igna, ons gaan in die toekoms leer om raak te skiet.
Mikhail Rautenbach – 103 de.	Ons sal daai .22 moet voer.
Syngyn Halkerd – 111 de.	Ditto
John Matthee – 112 de.	John, ek is seker daai loop is totniet.

Ons was die beste verteenwoordig by die SA ope en Dit was verblydend om al die WP-Boland mense daar te sien deelneem. Die gees onder ons mense was onverbeterlik en die manier waarop die baanbou en diens hanteer was en sonder probleme afgeloop het was werlik lekker om te beleef. Dankie Conrad vir die leiding . Baie dankie ook aan Maxwell wat altyd daar is wanneer jy hom nodig het.

Baie Geluk aan Boland wat die spankompetiesie gewen het teen 'n sterbelaaide KZN wat 2 de was, met WP derde.



Die Boland Span: vlnr Arnold Viljoen, Willem Steenkamp, Corrie Prins, Jacques Obermeyer.



Die WP Span: vlnr JC van Niekerk, Willem Immelman, Andre Volschenk, Barend Verster



Anja Viljoen, Penkop wenner



Conrad de Does – Brons 2 de plek



Marlize Volschenk – Dames 2 de plek



Groot beplannings vergadering vir die top 50



Springbok staan uit die skouer op 75m



Kosie, Igna, Syngyn en Mikhail wag hulle beurt by Springbokbaan



Span praatjie en baandiens beplanning



Algemeen

Daar is tydens die jaarvergadering besluit dat die SA ope en Top 50 in die toekoms sal roteer sodat vermoende provinsies ook 'n kans sal kry om dit aan te bied.

Ons beplan om hierdie geleentheid in 2017 aan te bied. Dit gee ons genoeg tyd om die nodige voorbereiding te doen en bane te soek. Almal se hulp word gevra om lank voor die tyd te beplan om dit 'n vlagskip gebeurtenis te maak.

Belangrik: Die "posisie voor die tyd inneem" scenario is uitgestem. In die toekoms moet ons dus eers posisie inneem na die fluitjie geblaas het. Voer dit asb uit in die toekomstige kompetisies sodat ons aan die standaardte voldoen.

Willem het ook vir ons 'n **Facebook** bladsy gestig. Gaan kyk gerus daar vir lekker inligting. Soos Willem sê, "Facebook is nie sonde nie" kom join ons en neem lekker deel. Hier is die link, klik op hom!! <https://www.facebook.com/wpveldskiet>

Ons wil ook vir **Willem en Safari and Outdoor** bedank vir hulle logistieke ondersteuning en borgskappe asook die reëlings van die uitstekende uniforms van ons provinsiale spanne se klere. Daar was spesiale melding gemaak van ons manne en ons is met trots daar by die SA Ope verteenwoordig.

Ons wens ook ons nuwe **SAJSV voorsitter, Johannes Schoeman** (KZN) en **visie voorsitter Jimmy Farnham** (Suid-Kaap) en sterkte vir die Suid-Kaap wat in 2015 die SA ope gaan aanbied. Begin nou maar julle verlof beplan want ons wil lekker groot op trek na hulle..

Algemene Jaarvergadering – Du Tois Kloof lodge

Tydens die laaste vergaderings was daar te min mense (15 saam met die proxies) en ons wil graag in die belang van alle lede optree. Die algemene gevoel was dat ons vereniging 'n uitstekende jaar agter die rug gehad het. Daar is vooruit geboer en ons is besig om lekker planne te maak om meer geleenthede te skep om te skiet en om opleiding en ontwikkeling te doen. Ons mikpunt is om meer as 20 skuts in die top 50 te kry.

Ons beplan 'n oefenbaan op Rawsonville waar opleiding aangebied sal word. Hou die pers dop!!

Ons sal binnekort 'n Spesiale algemene vergadering aankondig en ek versoek almal om dit by te woon. Daar is belangrike besluite wat geneem moet word vir ons Kaapse verenigings. Julle het mos onlangs gestem, kom stem daar ook. Julle hoef nie julle groen ID's te bring nie, net julle vriendelikheid.

Groete

Andre Volschenk

Voorsitter: WESTERN PROVINCE BRANCH
SA HUNTING RIFLE SHOOTING ASSOCIATION
Sel: 082 557 2497
bermad@absamail.co.za

Provisiale Jaggeweer skiet vereeniging

Bestuur Struktuur 2014

<p>Boland</p> <p>(BOL JSV)</p> <p>Voorsitter:</p> <p>Jacques Obermeyer</p> <p>Adjunk Voorsitter:</p> <p>(Vakant)</p> <p>Addisioneel:</p> <p>Lucas le Roux</p>	<p>Westelike Provinsie</p> <p>(WP JSV)</p> <p>Voorsitter:</p> <p>Andre Volschenk</p> <p>Adjunk Voorsitter:</p> <p>Willem Immelman</p> <p>Addisioneel:</p> <p>Wayne Klaver</p>
--	--

Gedeelde Administratiewe en funksionele bestuur spanlede

<p>Tesourier: Kosie Botha</p> <p>Sekretaris: Conrad de Does</p> <p>Opleiding en ontwikkeling: Corrie Prins (waarnemend)</p> <p>Bemarking en Borge: Willem Immelman</p> <p>Ouditeur : BGR Brooderyk Kotzé</p>

WP en Boland Bestuurslede kontak besonderhede

Funksie	Naam	Lid Nommer	Epos Adres	Kontak Nommer
Voorsitter WP	Andre Volschenk	948 WP	bermad@absamail.co.za	0825572497
Adj Voorsitter WP	Willem Immelman	41 WP	willem@so.co.za	0828540804
Addisionele bestuurslid	Wayne Klaver	100 WP	claybric@icon.co.za	0836323045
Voorsitter BOL	Jacques Obermeyer	22 BOL	jacques@vredebest.co.za	0828781079
Adj Voorsitter Bol	(Vakant)			
Addisionele bestuurslid	Lucas Le Roux	238 BOL	LJ@LRJProjects.co.za	0832619050
Tesourier (Gedeel)	Kosie Botha	191 WP	kb@affbg.co.za	0825792724
Sekretaris (Gedeel)	Conrad de Does	331 WP	wpjsv.entry@gmail.com	0849022000
Opleiding en ontwikkeling	Corrie Prins (Waarnemend)	918 BOL	corrieprins@lantic.net	0828203784
Bemarking en Borge (Gedeel)	Willem Immelman	41 WP	willem@so.co.za	0828540804
Ouditeure	BGR Brooderyk Kotzé		marius@fhbc.co.za	0832330668